Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, November 14, 2021

Page: 16

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**



# Vir die Kerskous: Wat van…

## Gee die geskenk wat aanhou gee – die visitekaartjie van 'n 'gelddokter'

In ons praktyk raak dit hierdie tyd van die jaar baie besig. Seker met rede, want mense begin dink aan vakansie hou en wil sorg dat hul sake in orde is. Sommige wil aftree, ander dink hulle is oud genoeg om te trou en om ander redes.

Maar daar is ook in die familiekring 'n uitsien na Kersfees in die Kalahari en met ouma Bederf hier aan my sy sal 'n mens sweer daar is 'n dringendheid aan geskenke vir die Kerskous. Dié word op Kersoggend buite ons huisie by die Twee-rivieren-kampplek opgehang voordat die vier kleinkinders wakker word. Groot opgewondenheid.

**Visitekaartjie vir die Kerskous**

Maar wat om in daardie Kerskous te sit? Hy is nie naastenby groot genoeg vir ouma Bederf se vermoë nie. So, dit moet iets kleins wees, maar iets wat 'n groot indruk kan maak.

En dit het my aan die dink gesit. Wat van die visitekaartjie van 'n goeie finansiële beplanner in die Kerskous van iemand vir wie jy omgee?

Nee, dis nie so vergesog nie. Dit kos niks, maar die geldwaarde van so 'n "geskenk" oor tyd kan baie beteken.

'n Voormalige voorsitter van die Instituut vir Finansiële Beplanning (FPI) het altyd die volgende te sê gehad: "As mense weet wat 'n goeie finansiële beplanner vir hulle kan doen, sal hulle in rye voor sy of haar deur staan."

'n Suksesvolle sakevrou in Pretoria, toe sy gevra is wat belangrik is vir haar sukses, het twee mense genoem. Ek glo daar is baie ander faktore, soos 'n hoë werketiek en meer, maar die twee wat sy uitgesonder het, was " 'n goeie huisdokter en 'n goeie finansiële beplanner".

Tesame met die huisdokter sou ek aanbeveel lidmaatskap van 'n goeie mediese skema. Ek gaan sien byvoorbeeld elke jaar of twee my internis en my uroloog.

Nie omdat ek 'n kwaal het of 'n kwaal wil hê nie. Ek vra bevestiging dat ek gesond is. En sou daar iets snaaks ontstaan, wil ek dit vroeg uitvind sodat dit behandel kan word.

En die mediese skema beteken ek is nie bang vir die koste daarvan nie. Te veel mense wil nie hul dokter gaan sien nie omdat hulle nie wil geld uitgee nie.

En dan eendag is dit te laat om te keer wat kon gekeer word.

**'n 'Dokter' vir jou geldsake**

Jou finansiële lewe werk op dieselfde grondslag. Jy moet 'n soortgelyke verhouding met jou finansiële beplanner hê as met jou dokter. Dié van vertroueling, van raadgewer en van een wat "genesing" kan bewerkstellig.

Ja, jy kan self vir jou 'n polis gaan koop, jy kan self jou beleggings hanteer, jy kan selfs 'n eie testament opstel. Jy kan ook medisyne direk by die apteek gaan koop, maar jy gaan nooit weet of jy die regte medisyne het nie. Dis dan wanneer jy belaglikhede kry soos mense wat ivermektien ('n middel teen parasiete) neem om Covid-19 (wat 'n virus is) te behandel.

Navorsing wys keer op keer dat mense wat 'n verhouding met 'n goeie finansiële beplanner het, finansieel veel beter daaraan toe is as mense wat dit nie het nie.

Ekself sien dit oor jare heen.

Daar is byvoorbeeld die ingenieur wat by Eskom afgelê is. Te wit, te manlik, te Afrikaans; lesers ken die storie (en die storie van Eskom). Met 'n "pensioen" van net oor die R3 000 per maand. Van sy kollegas wat deur dieselfde lot getref is, sit vandag in bitterbek-geldellende.

Hy is nou behoorlik afgetree en geniet die lewe. Nie uitspattig ryk nie, maar genoeg. So genoeg dat hy deur baie beny word. Nee, hy was nie gelukkig nie. Hy het net geluister.

Vergeet van aftree; jy het nie genoeg nie, was die kernboodskap. Werk; vat dit wat jy kan kry, waar jy dit kan kry en spaar meer as wat jy uitgee. En hy hét.

**Welvaart vir die toekoms**

Daar is ook die twee mynwerkers. Dieselfde salaris, dieselfde ouderdom. Albei het in "mynhuise" gewoon.

Die een het die ekstra geld per maand omdat hy nie vir verblyf hoef te betaal het nie, uitgeleef. Die ander het op aanbeveling van 'n finansiële beplanner gespaar.

Die een bly nou in iemand se agterplaas en leef in ellende. Die ander het 'n eie huis, nie 'n paleis nie, maar goed genoeg. En hy het elke maand 'n inkomste uit sy belegging.

Daardie visitekaartjie in die Kerskous gaan nie die oplossing wees nie. Dis die begin.

As jy dit kry moet jy 'n besluit neem.

Net soos om te besluit of jy jou dokter gaan spreek, of nie. Of jy jou dokter se raad gaan aanvaar, of nie.

Niksdoen is maklik, maar van niksdoen kom ook niks. En jy wil vir jouself welvaart skep. Vir nou en vir later wanneer jy nie 'n werk-inkomste het nie, of nie kán werk nie. Jy wil vir jou geliefdes sorg, selfs nadat jy al aanbeweeg het na hopelik 'n beter plek (waar Eskom nie die ligte kan afsit nie).

Die visitekaartjie in die Kerskous is 'n goeie wenk. Jy moet self verder vorder.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.